# Getuies tot die dood – enkele historiese bakens (van Hus tot Bonhoeffer)

*Victor E. d’Assonville*

*29 September 2015*

Die St. Stephanskerk in Konstanz is oud. Die geskiedenis van die gemeente strek terug tot in die sewende eeu, dalk selfs vroeër. Die huidige gebou van die kerk self kyk ook op ’n veelbewoë geskiedenis van sowat 900 jaar terug. Vir ’n verwysing na Johannes Hus soek ’n mens by hierdie kerk egter tevergeefs. En dít ofskoon die “pouslike gerig” tydens die Konsilie te Konstanz (1414-1418) daar vergader het. (Die sittings van die Konsilie self het in die Münster (Katedraal) van Konstanz plaasgevind.) Net ’n onopvallende koperplaat op die hoek van die St. Stephanskirche in Konstanz suggereer iets ... vir dié wat weet en soek. Daar is die beknopte enkele sin, binne die opsomming van die byna 900-jarige geskiedenis van die kerkgebou, waarmee daar na die Konsilie te Konstanz wat daar in plaasgevind het, verwys word:

*Während des Konzils (1414-18) Tagungsort des päpstlichen Gerichts.*

Ook andersins word ’n hedendaagse besoeker teleurgestel wanneer jy in Konstanz na spore van Hus sou soek. Die plek waar die brandstapel was, waarop Hus op 6 Julie 1415 verbrand is (so ook sy medestryder vir die evangeliese waarheid, Hieronymus van Praag, ’n skamele 8 maande later op 30 Mei 1416) word met ’n beskeie rotsmonument(-jie) aangedui. Dan is daar nog ’n klein onopvallende museum oor Hus en sy geskiedenis wat sedert die twintigerjare van die vorige eeu deur die Tsjeggiese regering bedryf word. By die konsiliesaal is ’n wasfiguur van Hus saam met ander beroemde figure. En vanjaar, met die 600-jarige herdenking van sy teregstelling, is ’n nuwe monument voor die Lutherse Kerk in Konstanz onthul. Maar indien ’n mens nie daarvan weet of dit feitlik toevallig kry nie, sou jy kon dink dat Hus, wat reeds in sy eie leeftyd so ’n geweldige, byna legendariese erkenning in Tsjeggië (Bohemië) geniet het, dalk nooit in Konstanz was nie.

Daarteenoor kan ’n mens hierdie Reformator in eie reg in die wêreldstad Praag nie mis nie. (Dat Hus as sodanig reeds ’n Kerkhermvormer was en nie bloot ’n voorloper van Luther, soos wat sommige strominge in die kerkgeskiedenis hom verklaar het nie, is belangrik.) Hus se monument – ’n reuse, Rodin-agtige beeldhouwerk op die sentrale markplein van Praag, opgerig met die 500-jarige herdenking van sy dood in 1915 (nie eers die Eerste Wêreldoorlog kon dit verhinder nie) – kan deur geen toeris gemis word nie. Dis ook geen wonder nie, want Hus het in die Tsjeggiese volk die betekenis van ’n nasionale held, vergelykbaar met of selfs bo die belang van dít wat internasionaal aan hom as kerkhervormer toegedig word. Hieroor het die beroemde geskiedkundige, Leopold von Ranke gesê:

*Eers toe Hus dood was, het sy gedagtes eintlik begin leef*.

Volgens ooggetuienis het hy met die geloofsbelydenis op sy lippe gesterf. Teen geweldige druk, tot op die laaste deur biskoppe en vele ander, ja selfs van Koning Sigismund van Bohemië, het hy standgehou en sy geloof in Christus as Hoogste Gesag van die kerk en aan die Skrif as enigste rigsnoer en maatstaf nie prysgegee nie.

Inderdaad staan Johannes Hus sedertdien, nou al 600 jaar lank, as martelaar vir Christus en sy Waarheid bekend.

Maar wat is ’n martelaar en wat is martelaarskap? En wat is die konsekwensies van geloof en van getuienis, sowel in die kerk as ook in die samelewing, vir ons vandag? By hierdie vrae wil ons vanaand stilstaan. Die 600-jarige herdenking van die moedige getuienis van daardie middeleeuse Tsjeg was ’n belangrike rede vir die reël van vanaand se konferensie, so ook die 70-jarige herdenking van ’n ander beroemde martelaar vir Christus, Dietrich Bonhoeffer. Want uiteindelik gaan dit nie net oor die geskiedenis nie, hoe belangrik dit ook vir ons is. En gaan dit nie net oor

geloofshelde nie – ofskoon Hebreërs 11 ons ook leer hoe hulle en hulle getuienis ’n wesentlik deel vorm van die heilsgeskiedenis. Maar dit gaan ook oor elkeen van ons as gelowiges vandag in die samelewing waarin ons leef. En in die kerk waarin ons belydende lidmate is.

**Martelaar – bloedgetuie**

Martelare, mense wat alles – tot selfs hulle lewe – opgeoffer het in hulle trou aan hulle geloofsbelydenis, was daar van die vroegste tye af. Een van die mees beeldryke beskrywings van martelare vir hulle geloof in Christus – reeds uit die Ou-Testamentiese tyd, vind ons in die bekende verse van Hebreërs 11:35-38:

> *... ander is gefolter en wou geen bevryding aanneem nie, om ’n beter opstanding te kan verkry.*
> *Ander weer het die proef van bespotting en géselinge deurstaan, ook van boeie en gevangenis.*
> *Hulle is gestenig, in stukke gesaag, versoek, deur die swaard vermoor. Hulle het rondgeloop in skaapvelle en in bokvelle; hulle het gebrek gely. hulle is verdruk, mishandel –*
> *die wêreld was hulle nie werd nie – hulle het in woestyne rondgedwaal en op berge en in spelonke en skeure in die grond.*

Buiten die lydingsgeskiedenis van Jesus Christus, wat weens sy Godheid en onskuld in ’n ander kategorie is – Hy is nie ’n martelaar nie maar het as “enigste Hoëpriester” (Heidelbergse Kategismus, Son. 12, vr. 31) Homself as finale Lam geoffer – vind ons sommer vroeg in die Nuwe Testament martelare tot die dood toe: Johannes die Doper, Stéfanus, Antipas (Openb. 2) ... Sover ons weet het al die apostels ’n marteldood gesterf, buiten Johannes wat as martelaar verban was na Patmos.

Dit is bekend dat die woord “martelaar” van die Griekse μάρτυς (getuie) of μαρτύριον (getuienis of bewys) afkomstig is. Aanvanklik het dit om getuies vir die evangelie gegaan. Van vroeg af, reeds in Griekse Nuwe Testament, was die “getuie”-begrip ook verstaan as iemand wat deur sy “dade” en nie net deur sy “woorde” nie, getuienis aflê. Met hierdie Griekse begrip vir getuie is spesifiek iemand bedoel wat van sy geloof in Jesus Christus getuienis aflê (bv. Stéphanus in Hand. 7, vgl. ook bv. Matt. 10:18; Mark. 6:11; Luk. 9:5; 1 Pet. 5:1). Ons weet ook dat die begrip “getuie” (*martelaar*) taamlik gou, reeds in die Nuwe-Testamentiese tyd maar dan ook in die daaropvolgende kerkgeskiedenis, byvoorbeeld by die martelaarskap van *Polykarpus van Smirna*, oordragtelik verstaan is as “bloedgetuie”, waarop hierdie betekenisverskuiwing in ons gebruik en verstaan van die begrip martelaar net in hierdie sin bly voortbestaan het.

Die tyd laat ons nie toe om verder aandag aan die begrippe “martelaar” en “martelaarskap” aandag te gee nie, ook nie aan die aangrypende, pakkende geskiedenis van die christelike martelare in die eerste eeue nie, veral onder die vervolging van die Romeinse Ryk. Ook staan ons vanaand nie stil by van die wreedste vervolging in ons eie volk se voorgeskiedenis nie, byvoorbeeld die vervolging van die Franse Hugenote en elders nie. Trouens, daar is historici wat sê dat die Roomse vervolging van gereformeerdes in die sestiende eeu in die Nederlande alleen meer martelare, tot gevolg gehad het as die totale getal christelike martelare van die eerste drie eeue en van die hele Romeinse Ryk.

Ter wille van ’n historiese perspektief op ons konferensietema begin ons egter – chronologies ook begrond – met Johannes Hus se martelarskap 600 jaar gelede en trek ons ’n lyn na Dietrich Bonhoeffer, 70 jaar gelede, met ander woorde toe sommige van ons vanaand hier teenwoordig al gebore was.

Die voordrag bestaan verder uit twee dele.
1. Eerstens handel dit oor die getuienis en martelaarskap van Hus 600 jaar gelede, sowel as oor ’n ander – net so belangrike, maar eienaardig genoeg baie meer onbekende – martelaar saam met Hus, Hieronymus van Praag;
2. tweedens gaan dit oor Dietrich Bonhoeffer, maar ook oor ’n ander, waarskynlik in Suid-Afrika so te sê onbekende martelaar van Duitsland, naamlik ds. Paul Schneider. Hy, wat vir sy vashou aan die Heidelbergse Kategismus gemartel, gefolter en uiteindelik tereggestel is, nog vóór die Tweede Wêreldoorlog.

## A Johannes Hus – prediker van die evangelie van Christus

### Via die brandstapel na Reformasie

Tot vandag toe word Johannes Hus, 600 jaar ná sy wrede dood op ’n brandstapel, as ’n groot volksheld in sy vaderland, Tsjeggië, vereer. Daar staan hy as Jan Hus bekend. Sy prediking as Roomse priester in sy moedertaal (Tsjeggies) het, toe hy nog nie eers dertig was nie, in die stad Praag ’n groot toeloop ervaar. Maar die eintlike eggo van sy prediking sou honderd jaar later eers finaal deurbreek. Dit was naamlik toe ’n ander Roomse priester, meer as driehonderd kilometer noord-wes van Praag in die klein landelike dorp Wittenberg, soortgelyk soos Hus, ook onder die indruk van God se Woord en die verlossing slegs in Christus gekom het. Laasgenoemde priester, die latere beroemde kerkhervormer Martin Luther, was eweneens ’n voorstander van die prediking aan mense in hulle moedertaal.

Van Luther weet ons dat hy aanvanklik nog, op grond van die Roomse propaganda van destyds, ook gedink het dat Hus en die Hussiete ketters is. Nadat hy egter Hus se boek oor die kerk gelees het (*De ecclesia*), skryf hy in 1520 in ’n brief aan sy vriend Spalatin:

> *Ek, sonder dat ek die vaagste benul gehad het, het tot dusver alles van Johannes Hus onderrig en uitgedra ... Kortom, ons is almal Hussiete, sonder dat ons dit geweet het. Ja, uiteindelik is ook Paulus en Augustinus Hussiete ...*

Dieselfde jaar het Luther Hus se traktaat oor die kerk laat druk en uitgee ...

Sedert hy in 1400 as priester bevestig is, preek Hus in sy moedertaal, Tsjeggies, en oefen hy kritiek op die slegte toestand van die kerk en die onbybelse gedrag van amspsdraers uit. Sy prediking beleef ’n groot toeloop. In dieselfde jaar begin hy ook teologiese voorlesings te hou. In 1402 word hy professor aan die Universiteit van Praag (oudste universiteit noord van die Alpe). Veral die boeke van die Engelse teoloog en filosoof en Bybelvertaler, John Wyclif (+/-1330-1384) – in eie reg ’n kerkhervormer – oefen groot invloed op Hus uit. Omdat Hus daarvan beskuldig is dat hy die “ketter” John Wyclif volg, is Hus al in 1408 vir sy kritiese uitsprake oor die korrupsie van die kerk wat die Skrif verlaat het, aangekla. Dit lei daartoe dat hy toe ook, vanaf 1408, nie meer priester mag wees nie. Nogtans word Hus in 1409 en 1410 rektor van die Universiteit van Praag. Sy appèl aan die kerklike owerheid het daartoe gelei dat hy nie net aangekla was nie, maar ook vanaf 1410 as professor geskors en uit Praag verban word. Op bevel van een van die pouse (daar was in daardie stadium gelyktydig drie “pouse”) word Wyclif se boeke verbrand en al sy sogenaamde aanhangers (daaronder Hus) vervolg. Met die groot ondersteuning wat hy van gewone mense geniet, hou Hus aan om nog ’n tyd te preek, maar in 1412 moes hy uit Praag uit vlug.

### Konsilie van Konstanz (1414-1418)

Vanaf 1414 het in Konstanz, ’n Duitse stad aan die “Bodensee” (die “Bodenmeer”, ’n geweldige groot binnelandse meer, vandag op die grens van Duitsland, Oostenryk en Switserland) ’n groot konsilie (iets soos ’n sinode) plaasgevind. Konig Sigismund het aan Hus verseker dat hy vry sal

bly om sy saak op die konsilie te kan stel. Nogtans verbreek Koning Sigismund sy belofte en word Hus gevange geneem. Ná maande van die ergste marteling word Hus uiteindelik skuldig bevind en as aanhanger van Wyclif en as "ketter" veroordeel, waarop hy, met sy geskrifte, op die brandstapel verbrand word en sterf. Hus is 'n martelaar vir die evangelie van Christus, vir die gesag van Christus en sy Woord. Ná die moord op Hus sou sy talle navolgers die Hussiete-beweging vorm wat tot vandag nog bestaan. Ook burgeroorlog sou volg tussen hulle wat sy oortuigings (Christus en die Skrif se gesag alleen) deel en hulle teenstanders.

**Gemeenskaplike nagmaalsbeker: Simbool van Hus en sy navolgers, tot vandag**

Hus was 'n voorstander daarvan dat elke lidmaat as gelowige op grond van sy geloof (belydenis) in Christus aan die nagmaalsbeker deel kan hê en nie net die priesters nie, soos die Roomse standpunt is. Die gemeenskaplike nagmaalsbeker dien tot geloofsversterking waaruit die gelowige lidmate van die gemeente saam deel kan hê aan die nagmaal. Dit dien op die vaandels en vlae van die Hussiete-beweging, tot in ons tyd.

***"Oor die kerk"***

In 1412/1413 skryf Hus sy belangrikste werk, *De ecclesia* (*Oor die kerk*). In hierdie werk van Hus neem hy belangrike aspekte van John Wyclif (1330-1384) se boek met dieselfde naam uit die jaar 1384 oor. Daarvolgens bestaan die kerk uit die uitverkorenes van God wat volgens Christus se eis aan die Here se Woord gehoorsaam moet wees, in hulle lewe maar ook in hulle geloof. Daarom is ook slegs Christus Hoof van sy kerk en nie die pous nie. Elke Christen is in staat om hierdie wet van Christus in sy Woord te ken en verstaan sonder dat priesters dit hoef te "bemiddel".

Behalwe dat dit in hierdie werk uiteraard oor die kerk gaan, soos Hus dit volgens die Woord verstaan, kom sy Skrifbeskouing ook duidelik na vore. Hierin lê 'n groot gemeenskaplike noemer van Wyclif (halwe eeu voor Hus), Hus en Luther (eeu later), naamlik dit wat ons as *sola Scriptura* ken. Ons moet egter net mooi onthou dat *sola Scriptura* vir hulle en ook al die Reformatore saam met en ná Luther altyd *una Scriptura* en *tota Scriptura* beteken: Dus, *alleen die Skrif* (as finale gesag) – daarmee word terselfdertyd veronderstel dat die Skrif, Ou én Nuwe Testament, één Skrif, die één Woord van God is; dit veronderstel op sy beurt verder die *tota*, d.w.s. die *héle* Skrif – nie hier 'n versie en daar 'n paragrafie wat my pas nie; ook nie slegs die Ou of slegs die Nuwe Testament of slegs enkele boeke uit die Bybel nie. Net so geld, wanneer dit uitgelê word, die reformatoriese beginsel vir eksegese: *Die Skrif is sy eie uitlegger ...*

**Hieronymus van Praag (1379-1416)**

Hus se beste vriend, *Hieronymus van Praag*, wat reeds vroeër 'n medestryder van Hus in die kerklike stryd was, het hom vrywillig na Konstanz gehaas om Hus te gaan bystaan. Ná Hus se teregstelling het hy probeer ontsnap, maar hy is gevang en sowat 10 maande ná Hus, op 30 Mei 1416, op presies dieselfde plek as Hus op 'n brandstapel verbrand. Sy groot bydrae was, veral weens sy studies in Engeland, om Wiclyf se geskrifte in Bohemië en ook by Hus bekend te maak en te versprei.

'n Ander goeie vriend (voormalige student) van Hus, *Petrus de Mladoňovice* (o.a. later ook rektor van die Universiteit van Praag), het Hus die hele tyd tydens laasgenoemde se gevangenskap in Konstanz, waar hy (Hus) baie wreed behandel is, bygestaan. Hy het ook Hus se briewe en ander dokumente versamel en notule van die gebeure gehou, onder meer as ooggetuie van die brandstapel. Daarin beskryf hy Hus se trou aan Jesus Christus, selfs tydens die onmenslike pyn en lyding.

**Samevatting**
Histories was Johannes Hus ’n voorloper van die Reformasie. In eie reg was Hus egter self reeds ’n kerkhervormer. Honderd jaar ná sy dood sou Luther en ander hervormers soos Melanchthon, Bucer, Calvyn, Bullinger en Knox dieselfde oortuigings oor die gesag van die Skrif en oor Christus as Hoof van die kerk hê ... en sou die lig van die evangelie finaal in Europa deurbreek.
Belangrike standpunte van Hus waarvoor hy veroordeel is:

- Gesag van Christus (en nie van mense of “kerk” of kerklike vergaderings nie)
- Christus se gesag deur sy Woord, die Skrif as enigste gesag vir enige geloofsbesluite
- Veroordeling van sogenaamde “aflate”, waarvolgens mense vir saligheid kon betaal
- Deelname van gewone gelowiges aan die nagmaal met die gemeenskaplike nagmaalsbeker, in teenstelling met Rome volgens wie slegs priesters uit die beker mag drink
- Gekant teen kerklike besit en prag en praal
- Belydenis van uitverkiesing
- Ten gunste van die belangrike plek van tug as liefde teenoor ’n broeder of suster, omdat geloof en lewe nie geskei kan word nie
- Teen die Roomse transsubstansiasieleer (vgl. Heidelbergse Kategismus vr. 80)

## B Dietrich Bonhoeffer – prediker van die evangelie van Christus

Dit is redelik onomstrede dat Dietrich Bonhoeffer wêreldwyd die bekendste protestantse teoloog van die twintigste eeu is. Wat hulle standvastigheid in belydenis, vertroue op Christus, dapperheid en geloofsmoed betref, is daar baie ooreenkomste tussen Hus en Bonhoeffer, byvoorbeeld die feit dat hulle tot met die finale konsekwensie bereid was om te volhard in hulle belydenis van hulle geloof in Christus. Hulle leefwêrelde verskil egter hemelsbreed. Nie net meer as 500 jaar skei beide nie, maar hulle staan histories en histories-teologies boonop weerskante van die twee grootste epogmakende eras in die Westerse geskiedenis, naamlik die Reformasie van die sestiende eeu en die Aufklärung (verligting) van die sewentiende/agtiende eeu. Boonop het die uitvinding van die boekdrukkuns ook eers ná Hus se tyd plaasgevind, wat ’n enorme invloed op die wêreldgeskiedenis gehad het.

Van Bonhoeffer persoonlik weet ons meer as van Hus, veral om twee redes. Omdat dit meer onlangs is, is daar meer bronne en getuienis, mondeling en skriftelik, wat oorgelewer is. En by Hus het die Rooms Kerk destyds soveel as moontlik dokumente doelbewus vernietig om sy invloed te probeer verhinder. Hulle was taamlik suksesvol, gelukkig nie heeltemal nie. By Bonhoeffer kon die Nazis dit nie meer doen nie, behalwe dat dit moeiliker sou wees, was daar ook nie tydsgewys meer die geleentheid daartoe nie – die oorlog was so te sê reeds verby.

Beide Hus en Bonhoeffer was slagoffers van die staat: In Hus se geval was staat en kerk, soos dikwels die geval in die Middeleeue, inmekaar gevleg. In Bonhoeffer se geval was daar ook deels ’n vervlegting, maar minder omvattend.

**Ds. Paul Schneider – die “eerste martelaar van die *Bekennende Kirche*”**
Voordat ons by Bonhoeffer self uitkom, staan ons ’n oomblik stil by ds. Paul Schneider, die martelaar wat deur Bonhoeffer self beskou is as “eerste martelaar van die *Bekennende Kirche*” (die Belydende Kerk), dié gelowiges onder die Duitsers wat teen die Nazis se onderdrukking van die evangelie en vervolging van die Jode in weerstand was.

> In Markus 8:34-38 lees ons: *Nadat Hy [Jesus] die skare saam met sy dissipels nader geroep het, het Hy vir hulle gesê: “As iemand agter My wil aankom, moet homself verloën, sy kruis opneem en My volg. Want wie sy lewe wil red, sal dit verloor; maar*

> *wie sy lewe ter wille van My en die evangelie verloor, sal dit red. Wat baat dit 'n mens immers as hy die hele wêreld as wins bekom, maar sy lewe verloor? Wat sou 'n mens gee as losprys vir sy lewe? Want wie hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige generasie, vir hom sal die Seun van die Mens Hom skaam wanneer Hy in die heerlikheid van sy Vader kom, saam met die heilige Engele."*

Van hierdie navolging volgens Markus 8 was Paul Schneider 'n voorbeeld. Hy was jare lank gefolter en uiteindelik vermoor – omdat hy by sy geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus, gebly het – teen alle geweld, intimidasie en bedreiginge in. Onder meer was hy, voordat hy uiteindelik in 1937 in die Nazi-konsentrasiekamp Buchenwald sou beland, vier keer vantevore gearresteer en toegesluit, waarby dit met wrede geweld en dikwels die ergste folter gepaard gegaan het.

***"Pos die Heidelberger na die tronk ..."***

In 2013 verskyn 'n boekie in Duitsland deur Klaus Maßmann met die titel (vertaal): *"Om die Heidelberger na die tronk te stuur ... Paul Schneider en die Heidelbergse Kategismus"*. Daarin beskryf hy die lydingsweg van ds. Paul Schneider (1897-1939) en die besondere verband waarin dit gestaan het met die Heidelbergse Kategismus, wat deel van die belydenisgrondslag van ds. Schneider se gemeente was. Sy arrestasies en tronkstraf – terwyl sy enigste "oortreding", die vashou aan die belydenis (Heidelbergse Kategismus) was – het so vroeg as 1934, die jaar ná die Nazis se bewindsoorname begin. In 1935 is hy vir 'n tweede keer in die gevangenis gesteek, só ook twee keer in 1937. Hy is verbied om te preek en om verder in sy gemeentes te dien. Paul Schneider het hom egter nie deur die brutaliteit van sy vervolgers laat intimideer en inperk nie, en met sy bediening en verkondiging van die Woord voortgegaan. Behalwe vir sy versoek in 1937 aan sy vrou om tog asseblief 'n eksemplaar van die Heidelbergse Kategismus aan hom in die tronk te stuur, het hy sy gemeente ook weer daarop gewys hoe belangrik dit is, sodat "sonder enige twyfel 'n onbetwiste gereformeerde belydenisoortuiging in die gemeente gehandhaaf kan word, slegs onderrig wat volgens die Heidelbergse Kategismus waargeneem word en gereformeerde predikers oorweeg mag word".

Ná jare se mishandeling en folter deur die Nazis – onder meer in direkte opdrag van Hitler – het Schneider uiteindelik in 1937 in die berugte konsentrasiekamp te Buchenwald beland. Daar het hy met soveel oorgawe en volgehoue moed onder medegevangenes die Woord verkondig en hulle bemoedig, dat hy weldra die bynaam die "prediker van Buchenwald" sou ontvang. Getuies berig van sy onverskrokke verkondiging, selfs terwyl hy brutaal deur wagte stukkend geslaan is.

Sy jare lange fisiese marteling het in 1939 deur sy moord met gif deur 'n dokter van die konsentrasiekamp tot 'n einde gekom. Van hom het Bonhoeffer gesê dat hy die eerste martelaar van die *Bekennende Kirche* was. Die offisiële (staats-)kerk het meegewerk aan sy vervolging. Op Schneider, wat kort voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog vermoor is, sou vele christelike martelaars uit baie volke volg. Byna ses jaar later, kort voor die einde van die oorlog, toe die militêre stryd vir praktiese doeleindes verby was, sou Bonhoeffer een van die laaste martelaars van die *Bekennende Kirche* wees wat sy lewe gelaat het ...

**Dietrich Bonhoeffer**

Daar is geen twintigste-eeuse predikant en teoloog wat ook in buite-kerklike kringe só bekend en só hoog geag word soos Bonhoeffer nie. Talle boeke en studies verskyn steeds gereeld oor hom. Ook vanjaar in 2015, word daar wêreldwyd baie aandag aan hom gegee omdat dit 70 jaar gelede is wat hy as martelaar onder die hand van die Nazi-diktatuur in Duitsland gesterf het.

Die titel alleen van ’n nuwe boek (wat baie pryse as topverkoper en boek van die jaar gewen het) deur Eric Metaxas in 2010 sê iets van Dietrich se lewe:

*Bonhoeffer. Predikant, martelaar, profeet, geheime agent.*

Oor hierdie boek en sy tema sê Glenn Beck (bekende Amerikaanse televisie- en radio-aanbieder.)

*Wie is hierdie man, Bonhoeffer. hy is iemand van wie jy móét weet. En hierdie is ’n boek wat jy móét lees.*

As een van ’n tweeling, met ’n pa wat ’n beroemde psigiater en neuroloog was en ’n oupa aan moederskant wat ook ’n bekende teoloog was, kom Bonhoeffer uit ’n gelukkige ouerhuis; hy is een van agt kinders.

Sy tweede oudste broer het op jeugdige leeftyd (19) in die Eerste Wêreld-Oorlog gesneuwel; Bonhoeffer self en ’n ander broer sowel as twee swaers van hom is deur die Nazis in 1945 vermoor; Bonhoeffer se tweelingsuster moes met haar man na Londen vlug, omdat hy Joodse voorouers gehad het.

**Enkele datums**

1906 – gebore in Breslau (vandag in Pole)
1923 – matriek (dus op 17), studeer in Tübingen, Rome en Berlyn teologie
1927 – doktorsgraad in teologie
1928 – prakties in Barcelona; eerste teologiese (kerklike) eksamen
1930 – gekwalifiseer om as dosent aan die universiteit klas te gee (“Habilitation” – meer as ’n sogenaamde “post-doc”)
tweede teologiese (kerklike) eksamen (vereiste om as bedienaar van die Woord bevestig te kan word)
1930 – beurs vir ’n jaar se studie aan die *Union Theological Seminary* in New York
1931 – studenteleraar in Berlyn
1935 -1940 – lei die Teologiese Seminaar in Finkenwalde (laaste tyd ondergronds weens verbod deur Nazis)
1940 – Publikasie oor die Psalms as die “Gebedboek van die Bybel” – laaste publikasie van Bonhoeffer voordat hy verbied is om verder iets te mag publiseer; ná sy dood is nog verskeie boeke uit sy hand gepubliseer
1943 – verloof (Januarie); gevange geneem (April
1945 – op 39-jarige leeftyd tereggestel.

Reeds baie vroeg, vroeër as heelwat ander, het Bonhoeffer, wat nog relatief jonk was (nog nie 30 nie) die groot gevare van die anti-christelike Nazi-bewind vir die kerk, die evangelie en die mense raak gesien.

**Vriende**

Paul Lehmann (gereformeerde Amerikaanse teoloog, o.a. professor in Princeton en Harvard) skryf in 1939 (vóór die uitbreek van die Tweede Wêreld-Oorlog in Europa):

*Beste Dietrich, Kom asseblief dringend na die VSA. Ons het vir jou verskillende voordragte en poste georganiseer (by universiteite en gemeentes) waar jy jou roeping kan uitleef. Dit is te gevaarlik vir jou in Nazi-Duitsland.*

Bonhoeffer het daarteen besluit en teruggegaan na Duitsland, ofskoon hy geweet het dit kan die sekere vervolging en dood vir hom beteken omdat hy die Nazis openlik vanuit die Woord van God gekritiseer het. ’n Paar jaar later antwoord hy vanuit die gevangenis in Nazi-Duitsland:

*Beste Paul, Jy moet asseblief verseker wees dat ek my terugkeer na Duitsland en dit wat daarop gevolg het nog nie een oomblik berou het nie ...*

Kaptein Sigismund Payne Best (Britse offisier en geheime agent, medegevangene van Bonhoeffer in Flossenbürg se Konsentrasiekamp waar Bonhoeffer op 9 April gehang sou word):

*Dietrich was een van baie min mense wat ek ooit ontmoet het vir wie God 'n werklikheid en altyd baie naby is ...*

Biskop George Kennedy Allen Bell (Deken – "dean" – van Canterbury, Biskop van Chichester) het 'n gedenkdiens ná Bonhoeffer se dood in Londen georganiseer, uitgesaai deur die BBC. Hy het later gesê:

*Bonhoeffer ... was 'n goeie mens en 'heilig' [a good man and saintly]. Hy was, sonder uitsondering, die mees besondere en mees innemende man wat ek ooit ontmoet het.*

Karl Barth (beroemde gereformeerde teoloog van die twintigste eeu), skryf in 1934 aan Bonhoeffer in Londen:

*... Haas jou terug na jou pos in Berlyn. ... jy is Duits, die huis van jou kerk is aan die brand ... en jy moet gaan help. ... neem die volgende skip, of, gegewe jou situasie, minstens die een daarna! ...*

**Aangrypende getuienis – *bruidsbriewe uit die gevangenis***

Op 13 Januarie 1943 het Dietrich Bonhoeffer en Maria von Wedemeyer verloof geraak. Die verhouding het veral by wyse van briewe tussen beide ontwikkel – weens die oorlog was kanse om mekaar te sien beperk. Drie maande later is hy deur die Nazis in hegtenis geneem. Voordat hulle kon trou, sou hy vermoor (opgehang) word. Maar oor die verlowing was hy baie opgewonde. Hy skryf aan Maria:

*... Laat ons mekaar tegemoetgaan in wonderlike, vrye vergifnis en liefde, laat ons mekaar aanneem soos ons is – met dankbaarheid en oneindige vertroue in God wat ons tot hierdie stap gebring het en ons liefhet ...*

**Skriftelike neerslag**

Bonhoeffer het verskeie boeke geskryf – 'n paar is eers ná sy dood gepubliseer – wat wêreldwyd in verskillende tale vertaal en gelees word en steeds gereeld nuwe drukke beleef. Veral die vrae oor die wyse waarop 'n Christen vierkantig in hierdie wêreld met al twee voete op die grond kan leef, hoe ons Christus moet navolg en hoe om die evangelie uit te dra, was sentraal in sy denke.

**Verbod om te publiseer**

Dit is aangrypend dat die laaste boek uit Bonhoeffer se pen, voordat die Nazis enige verdere publikasie belet het, 'n boek oor die Psalms as "Gebedboek van die Bybel" was (1940). Hierin skryf Bonhoeffer onder meer:

*Wanneer ons ... die Psalms wil lees en bid, moet ons nie eers vra wat hulle met ons te doen het nie, maar wat hulle met Jesus Christus te doen het.*

*Die Psalms is aan ons gegee om ons te leer om in die Naam van Jesus Christus te leer bid.*

*In die Psalms spreek reeds die beloofde Christus self ... Christus self het die Psalms deur sy voorganger Dawid gebid.*

*’n Kerk wat die Psalms nie meer het nie, verloor ’n onvergelykbare skat ... en ’n kerk wat die Psalms weer verkry, sal onberekenbare kragte ervaar ...*

Alreeds byna twee jare ’n gevangene onder haglike omstandighede, enkele maande voor sy finale marteling en teregstelling skryf Bonhoeffer aan sy naasbestaandes ’n gedig. Hierdie gedig, “*Von guten Mächten ...*”, sou wêreldberoemd word. Die refrein is:

*Deur goeie magte, wonderbaar geborge*
*verwag ons getroos, wat ook al oor ons mag kom.*
*God is met ons, saans en soggens*
*en gans gewis, elke nuwe dag ...*

**SLOT**

Johannes Hus en Dietrich Bonhoeffer is beroemd en bekend. Tereg. Hulle was immers deur die genade sterk genoeg om vas te bly staan in die geloof, ten spyte van alle intimidasie, dreigemente en ook in lewensgevaar. In hulle trou het hulle met hulle lewe die hoogste getuienis afgelê. Só ook ander soos Hieronymus van Praag en Paul Schneider, ofskoon minder bekend. En só ook soveel duisende, honderdduisende Hugenote en ander gereformeerdes, Christene, Protestante, gelowiges deur al die eeue.

Dit sou egter verkeerd wees om te dink martelaarskap het slegs met die dood te doen of slegs met geweldadige vervolging. Terwyl daar vandag in baie lande (meer as 60) direkte (staats-)-vervolging teen Christene is, is die subtiele vervolging dikwels dié vorm wat baie moeiliker is om te weerstaan. Sportsterre wat hulle sterstatus moet inboet as hulle nie by die eise van professionele sport, ook op Sondae, inval nie. Werknemers teen wie gediskrimineer word omdat hulle korrupsie bekamp. Kinders wat uit vriendekringe uitgesluit word indien hulle nie ook bereid is om met godslasterlike taal of ander verkeerde gedrag mee te doen nie. Juis in die westerse wêreld is die subtiliteit van die tydsgees wat téén die Woord is baie erg en moeilik om te weerstaan. Hoeveel lidmate en amsdraers, ook dominees, moet baie opoffer net omdat hulle aan die Woord en Christus se eise vir sy kerk, die prediking die lewens van ons elkeen in omvattende sin vashou. In stilte kan vervolging binne die kerk – waarvan die Skrif ook baie vertel – dikwels moeiliker wees as martelaarskap buite die kerk.

Oor vervolging, lyding en martelaarskap sê Bonhoeffer onder meer:

*Dit is oneindig baie makliker om in gehoorsaamheid ten opsigte van ’n menslike bevel te ly, as in die vryheid van eie verantwoordelike optrede.*
*Dit is oneindig baie makliker om in gemeenskap [met ander] te ly as in eensaamheid.*
*Dit is oneindig baie makliker om in die openbaar en onder [met die ontvang van] eer te ly, as weg van almal en in skande.*
*Dit is oneindig baie makliker om deur die offer van die eie liggaamlike lewe te ly as deur die gees.*
*Christus het gely in vryheid, in eensaamheid, weg van almal en in skande aan liggaam en gees ... en sedertdien baie Christene met Hom.*